GKPO: MY / ONS DANKOFFER AAN DIE HERE

1 Maart 2026 – 28 Februarie 2027

🌿 Waarom bring ons 'n dankoffer aan die Here?

(Deut. 14:22–29 • Mal. 3:10 • Matt. 23:23)

1. Alles behoort aan die Here
"Die aarde en alles daarop behoort aan die Here." (Ps. 24:1–2)

2. Ons vereer die Here daarmee
Wanneer ons Hom eer met ons eerste en beste, sorg Hy vir ons. *(Spr. 3:9–10)*

3. Uit dankbaarheid
Ons gee vir alles wat ons onverdiend uit God se hand ontvang.

4. In verhouding tot wat ons ontvang ⚠️
Wat ons gee moet in verhouding wees tot wat ons ontvang — anders beroof ons die Here. *(Mal. 3:6–12)*

5. Vrymoedig en met blydskap
Die Here het 'n blymoedige gewer lief. Ons vrymoedigheid wys ons dankbaarheid. *(2 Kor. 9:6–12)*

6. As antwoord op God se genade
Die ewige lewe is 'n gratis genadegawe deur Jesus Christus — ons antwoord met groot dankbaarheid. *(Ef. 2)*

7. Vir die instandhouding van die Woordbediening
Sodat die gemeente en die wêreld gedien kan word. *(Num. 18 • 1 Kor. 9:13–14)*

⛪ Bedieningsbehoeftes van die Gemeente

Die **bedieningsbehoeftes van die gemeente** is die maatstaf waarteen ons ons dankoffer meet.

- Die Here roep ons om lidmate optimaal te bedien.
- Groter betrokkenheid by die uitbreiding van God se Koninkryk.
- Gebruik van **hulppredikante en teologiese studente.**
- Die grootte van die gemeente noodsaak bykomende dienswerk.

➡️ Om hierdie roeping getrou na te kom, moet ons ons **dankbaarheidsplig ernstig opneem**.

📌 Kerkverband-verpligtinge (Afsonderlik)

Jaarlikse bedrag: ± R 1 048 per belydende lidmaat

Hierdie verpligtinge sluit in: - Teologiese opleiding van predikante - Administratiewe Buro - Sinodale kas - Sustentasie (hulp aan behoeftige gemeentes) - Mediese versorging van emerituspredikante - Predikante se Pensioenfonds - Mediese versorging van ons eie predikant - Klassis- en Streeksinode-bydraes

ℹ️ Hierdie uitgawes neem reeds 'n groot deel van ons begroting op.

🙏 Versoek van die Kerkraad

Lidmate word versoek om te **oorweeg om die R 1 048 eenmalig en afsonderlik** by te dra.

👉 **Sodoende kan die volle dankoffer plaaslik gebruik word** vir die werk van die Here in ons gemeente.

"Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief." (2 Korintiërs 9:7)

HOE KAN EK MY DANKOFFER BY DIE KERKRAAD BESORG ?

Daar is drie metodes:

1. **Elektroniese oorbetaling** (EFT).
   Bankbesonderhede: Geref Kerk Potchefstroom-Oos; ABSA; Tjekrek: 670 340 066; Takkode: 632-005. Maak net seker dat u u naam as verwysing gebruik.
   Praktiese wenk: U kan ook u elektroniese oorbetalings (EFT) vooruit skeduleer vir 12 maande op u elektroniese bankdienste.
2. U teken `**n debietorder** by die bank wat u dan **self aanpas** soos u u dankoffer verhoog.
3. `n **Dankofferkoevertjie** in die sakkie **elke eerste Sondag** van die maand. Koevertjies is by die deure beskikbaar. Sorg asseblief dat ***u naam en adres en groepnommer opgeskryf is.***

KOM ONS VEREER DIE HERE MET DIE BESTE VAN ONS GAWES !

Naam en van van Lidmaat / Gesin: _____

Groep nr: _____

Ek / ons onderneem om my / ons dankoffer soos volg by te dra:

Aantal betalings: (a)	**Dankoffer-bedrag: (b)**	**Totaal vir 2026/2027 = (a x b)**
12 x	R	R
6 x	R	R
4 x	R	R
2 x	R	R
1 x	R	R

Afdra-metode (merk met 'n "x" asb.)

Elektroniese oorbetalings	
Debietrorder	
Dankofferkoevertjie	

Kerklike ramings:

	Ja	**Nee**
Ek/ons dra my/ons kerklike raming eenmalig by		
Ander: (bv. Bybelverspreiding, Topia, Susters)	**Bedrag:**	

Handtekening lidmaat: _____

(as jy elektronies voltooi, tik net jou naam en van hier in die blokkie)

Hierdie vorm moet asseblief teen 15 Februarie 2026 ingehandig word.
(E-pos asb direk na kerkkantoor@oosdoppers.co.za)